Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 19, Nr 2, 1989. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# MAAR NET 'N SOLDAAT (IV)

**This Biography on the war experiences of the late Mr C.J.H. Griesel has been compiled by his daughter Mrs P.J. Kleynhans and is published in four parts.**

**It covers the period 1899–1902 and deals with his personal experiences during the Anglo-Boer War (Second War of Independence).**

**Die biografie oor mnr. C.J.H. Griesel, alom bekend as oom Kassie, is saamgestel deur sy dogter mev. P.J. Kleynhans, beter bekend as tannie Nellie Kleynhans, wat tans op Bothaville woon. Die wedervarings van die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) word weergegee soos wat haar vader dit aan haar meegedeel het.**

## HOOFSTUK 16

Nadat ek so ver gevorder het om 'n bietjie te kon loop, het ek Sondagaande die diens van die Engelse predikant gaan bywoon. 'n Sinkgebou was hiervoor afgesonder met lang planke op stutte wat as sitplekke gedien het. Daar was sommige van die tommies wat maar steeks was om kerk toe te gaan, maar hulle is eenvoudig aangekeer. Wanneer kerktyd naderkom, het 'n korporaal die tente deurgegaan en hulle uitgewoel.

Die bearbeiding moes grotendeels tevergeefs gewees het, want die oomblik as hulle uit die diens gekom het, het die swetsery aangegaan asof daar geen onderbreking was nie. Glo my, hulle kon vloek en drink.

Vir my was dit aangenaam om die dienste by te woon en ek moet sê dat die tommies vir my mooi gesing het. Hulle was lief om die lied "Onward Christian Soldiers" te sing en ek het nooit moeg daarvoor geword nie. Baie kere is "Home, Sweet Home" gesing voordat hulle uitmekaargegaan het en dan het ek met 'n hart vol heimwee teruggegaan tent toe. "Home Sweet Home" – dit het nie meer vir mý bestaan nie.

Die drang om weg te kom, het teen hierdie tyd kwaai aan my geknaag. Dat ek nog swak was en maklik 'n toeval kon kry, het ek wel besef, maar aan die ander kant, al my maats was al weg en ten spyte van die baie tommies het ek eensaam gevoel.

Ek sê baie tommies, maar dit was so. Ek kon my altyd verwonder vir die nietighede waarvoor hulle agt of tien dae in die hospitaal kom lê. By ons Boere was 'n vleiswond 'n kleinigheid en so 'n burger het eenvoudig in die saal gesond geword. Maar by hulle nie. As die dokter sê "Take a rest", dan klim hy met die grootste gewilligheid in die bed. Ek dink maar aan die tommie wat te veel turksvye geëet het. Hy moes ook 'n "rest" neem en het vir agt dae by ons in die tent gelê en heerlik gesels en gelag.

Ek wil sê dat as een van ons Boere so iets oorgekom het, sou daar nooit eens 'n haan na gekraai het nie. 'n Medeburger sou gou 'n raat gehad het en die gedagte om te gaan rus daarna, sou by niemand opgekom het nie. Maar ons Boere het darem ook ons maat en tyd met turksvye geken.

Soos ek gesê het, het die gedagte om weg te kom, sterk geword. Dit was toe al vier maande vrede en ek kon net nie meer daar bly nie. Dat dit nie maklik gaan wees om by die dokter verby te kom nie, het ek goed genoeg geweet, maar ek het besluit om te probeer. Dit was die gewoonte dat die hoofdokter elke Maandagoggend die hospitaal deurgaan en ek het my kans afgewag. Maar dit was verniet; toe ek vra om ontslaan te word, het hy my pols gevoel en beslis gesê: "Nee." Ek was bitter teleurgestel, maar het my dadelik voorgeneem om elke keer te probeer.

Die volgende Maandag het ek hom weer gevra en hy het met 'n teenvraag geantwoord: "Aan watter deel van die land behoort jy?" Ek het hom toe gesê dat ek van Heilbron is. Skielik het hy meer belangstelling getoon en gesê: "O, dan is jy ook van die Heilbron se kliek." Vir my was dit 'n kompliment, want ek het maar te goed geweet dat ons klompie vir hulle meer as een keer een te veel was.

Hy het toe verder verneem waarheen ek van plan is om te gaan as hy my sou ontslaan. Ek het

sommer die konsentrasiekamp daar by die dorp genoem, maar toe wou hy weer weet of daar iemand is wat my kon versorg. Ek het natuurlik nie presies geweet hoe toestande daar is nie en wié almal nog daar is nie. Maar ek het hom verseker dat daar wel iemand is. Toe het die woorde gekom waarvoor ek so angstig gewag het: "All right, you can go."

Die gedagte dat ek eerlank weer tussen my landgenote sou wees, het my baie opgewonde laat voel. Iets anders om na uit te sien was daar natuurlik nie, maar ná soveel maande van afsondering in sulke omstandighede sou dit 'n groot voorreg wees om weer tussen my eie mense te wees. Daar moes nou net nie weer iets verkeerd loop nie.

Elke Maandagoggend word daar 'n beuel geblaas by die hoofdokter se kantoor. Almal wat dan moontlik ontslaan kon word, val dan in 'n ry om hulle aan te meld by die dokter vir die finale ontslag. Daardie Maandag het ek ook begin aanstap toe die beuel blaas. Harris, een van die ordonnanse, en toe reeds 'n goeie vriend van my, het my gesien aanstap. Hy het haastig 'n botteltjie stout gaan haal en saam met my gestap.

Ons het ewe netjies in die ry gaan staan, maar voor ek nog aan die beurt kon kom, het dit donker geword en ek het inmekaargesak. Die goeie Harris moes so iets verwag het en daarom het hy met my saamgekom, want in 'n kits het hy my natgemaak met die stout, 'n bietjie gegee om te drink en gehelp dat ek weer regop staan. Ons het albei geweet dat ek vinnig moes regruk, anders was my kanse om weg te kom, nul. Omdat Harris my verlange om weg te kom volkome verstaan het, het hy sy bes gedoen om my te help.

Toe my naam afgelees word, het hy my nog eers die paar trappies opgehelp en toe moes ek verder die skyn alleen ophou. Die dokter het my vol bedenking aangekyk toe ek voor hom verskyn en gevra of ek sleg voel. Ek het hom verseker dat ek heeltemal goed voel, maar ek het tog gehoop dat hy die onderhoud nie lank gaan uitrek nie, want dan sou ek dit nie kon volhou nie.

Hy het wel weer van vooraf begin verneem waarheen ek gaan en so aan, maar uiteindelik het hy tog gesê dat ek maar kan gaan, want die dokter in die kamp kon help as dit nodig was. Ek was dankbaar dat ek die toets deurstaan het en toe ek by die trappies kom, het ek tot my blydskap gesien dat Harris daar vir my wag. Hy het my eers teruggeneem na die hospitaal sodat ek 'n bietjie kon rus, want die spanning het my uitgeput.

'n Klein rukkie later het ons na die stoor gegaan en Harris het vir my klere uitgesoek, want ek was nog al die tyd in die blou hospitaalklere. Ek weet hy het sy bes gedoen en ek moes vat wat hy kon kry, maar die resultaat was nie van die beste nie. Die kakiebroek was te kort en die skoene 'n bietjie te groot en swaar. Die warm, langmoutrui was eersteklas, maar toe het hy vir my so 'n groot, vaal hoed gebring waarteen ek 'n bietjie opgesien het. Maar soos ek reeds gesê het, vir uitsoek was daar nie kans nie. Dit het die goeie Harris toe bygeval van 'n jas en hy het dit ook nog vir my gaan haal.

Ons is toe weer na die hospitaal sodat ek kon aantrek. Ek het maar aardig gelyk met die uitrusting, maar dit kon my ook nie skeel nie; hoofsaak was dat ek vry was om te gaan en met die jas oor die arm het ek sommer dadelik begin groet.

Kichner, die jong seun wat reeds daar was toe ons paar Heilbronners daar aangekom het, was hartseer toe ek hom groet en het my laat belowe dat ek hom weer sou kom besoek. Ek het my ook voorgeneem om die belofte na te kom, al sou dit hóé moeilik gaan.

Omdat ek so lank in die hospitaal moes bly, het ek baie van die tommies intiem leer ken en dit het my baie dae laat dink aan die afstootlikheid van oorlog. Weg van die slagveld af, was ons maar almal net mense met dieselfde gevoelens en gewaarwordinge. Ons veg in die massa, maar die vyandskap was nie van persoon nie, behalwe in sekere gevalle.

Daar was van die tommies wat trane in die oë gehad het toe ons van mekaar afskeid geneem het en al was ek hóé moeg van die bly daar, het ek op daardie oomblik besef dat ek eintlik van vriende afskeid neem. Een kêrel, 'n Ier, was veral baie aangedaan omdat ek weggaan. Sy naam was Bertie, maar dis nou verniet of sy van my kan byval. In elk geval, hy het sy horlosie en ketting afgehaal en aan my gegee vir 'n aandenking. Hy is toe ook teruggestuur na Ierland omdat hy ongeskik was vir verdere diens, maar ons het nog jare gekorrespondeer.

Toe ek klaar gegroet het en by die deur uitgaan, het daar twee polisiemanne vir my gewag. Dit was vir my 'n skok. So het hulle mos vir oom

Bennie Cilliers ook kom haal. Ek het dadelik begin dink wat ek moontlik kon gedoen het, maar ek wou niks vra nie. Die twee manne het stilswyend op hulle perde geklim en ek moes tussen hulle aanstap, dorp toe.

Dit was geen maklike taak nie. Ek was nog swak en kon byna nie met die swaar skoene wegkom nie. Dit moes seker die onrus in my hart gewees het wat my in staat gestel het om by te bly, want onder gewone omstandighede sou ek dit miskien nie kon regkry nie.

Ek moes stap tot waar die magistraatskantore vandag is en toe het hulle teruggedraai met my. Dit het vir my duidelik geword dat hulle 'n plek soek, maar ek het ook gevoel dat ek nie verder kon loop nie. Ek het nog 'n endjie aangestrompel en toe sonder meer weggedraai en op die sypaadjie gaan sit.

Die een polisieman was 'n omgekrapte kêrel en toe ek gaan sit, het hy my vloekend beveel om op te staan en te loop. Ek het niks van die soort gedoen nie; ek kon nie verder nie. Sy maat was darem van 'n ander kaliber. Hy het van sy perd afgeklim en gereël dat hy by my sou bly terwyl die ander een verder soek.

Dit het toe so gekom dat ek juis voor die kantoortjie gaan sit het waarna hulle op soek was. Ná 'n rukkie het die tweede een teruggekom en toe dit vasgestel was dat dit wel die regte plek is, het hulle my beveel om daar te bly sit tot om vieruur, wanneer die kantoor sou open. Hulle het toe sonder meer weggery.

## HOOFSTUK 17

Die onrus wat in my was, het toe sommer verdwyn. As daar 'n ernstige aanklag teen my was, sou hulle my nie so alleen laat staan het nie. Maar ek was jammer dat ek weer so 'n spanning en so 'n staptoer, wat eintlik bo my vermoë was, moes deurmaak. Ek het gedaan gevoel, en doodstil gesit.

So teen vieruur se kant het daar toe iemand gekom en die kantoortjie oopgesluit. Tot my verbasing het ek agtergekom dat dit 'n boerekêrel is en het sommer vuurwarm gevoel. Hy het my uitgevra waarvandaan ek kom en wat ek wou hê en toe moes ek van die groot meneer verneem dat ek daarheen gebring was om die eed van getrouheid af te lê. Maar, het die knaap bygevoeg, daar was nog baie tyd en hy het 'n latere datum bepaal.

Ek het sonder om 'n woord te sê omgedraai en weggestap, maar ek was vasbeslote dat hy my nooit weer sou sien nie. Verder as die sypaadjie kon ek egter nie kom nie. Die toer wat die twee polisiemanne my laat deurstaan het, was vir my te veel en ek het maar weer daar gaan sit.

Die oostewind het intussen stormagtig begin waai en ek het werklik nie geweet hoe om die kamp te bereik nie. Dit was al laat in die middag en met die sterk wind sou ek met die beste wil ter wêreld geen vordering kon maak nie.

Daar het toe 'n man aangestap gekom en tot my groot blydskap sou ek sien dat dit Piet Labuschagne is, een van die Labuschagnes wat die dag met die perde gevang is toe ons deur die Engelse linie wou jaag. Hy was toe net terug van Indië en hoewel hy net so bly was om my te sien en my baie graag wou help, kon hy nie, want hy was op pad om 'n trein te haal en daar was nie meer veel tyd oor nie. Hy het aan die hand gedoen dat ek 'n huurryding moes soek en om hom nie te ontstel nie, het ek ingestem om dit te doen. Hy het nie geweet dat my moeilikheid juis was dat ek nie kon loop om een te soek nie. Indien ek maar geweet het waar tant Miem Jordaan se huis is, sou ek sekerlik daarheen gegaan het. Maar verder het ek niemand in die dorp geken nie.

Soos die geluk dit wou hê, het daar later 'n spaaidertjie naby my stilgehou. Ek het die man nadergewink en toe hy alles verneem het, het hy ingestem om my na die kamp te neem as ek hom twee sjielings sou betaal. Ek was waarlik dankbaar vir die uitkoms en ook baie bly dat ek van my stout in die hospitaal verkoop het, want ek het toe vier pond in my sak gehad. By die kamp aangekom, sou ek die man meer betaal sodat hy my by die tente kon rondneem om my skoonsuster te soek, maar dit is nie toegelaat nie.

Die oostewind het stormsterkte gewaai en met die swaar skoene en die jas het ek dit maar moeilik gevind om op my voete te bly. Die eerste tente was darem nie te ver nie en ek het daar 'n klompie kinders gekry wat albaster speel. Ek het hulle gevra om my die tent van Frans Venter te wys, want ek het geweet dat my skoonsuster by hulle inwoon. Die outjies was egter so verdiep in die spel dat hulle geen aandag wou gee nie; dit was maar net: "Ek weet nie."

Ek het verder gestap waar ek nog kinders gesien speel het. Volwassenes was daar nie te sien nie, want deur die onstuimige wind was almal in die tente, met die deurklappe dig toe. Voor ek nog kon praat, het een van die seuntjies ewe vrypostig met 'n stompie in die hand nadergekom en gevra: "Omie, gee my 'n light asseblief?" 'n Vrou wat daar naby uit 'n tent gekom en dit gesien het, sê toe: "Ag neef, gee hom liewer 'n klap!"

Dit sou ek nooit kon doen nie. Dit was vir my te aangenaam om weer boerekindertjies te sien speel en my taal te hoor praat. Ek het die outjie 'n "light" gegee en onmiddellik het 'n ander een opgespring en gesê: "Onthou, jy skuld my 'n draw." Ek het lekker gelag vir die oulikheid, maar het ook bewus geword dat dit nie die boerekinders van voor die oorlog is nie; die oorlog het sy stempel gelaat.

Die son was toe al onder en ek moes seker maar baie vaal gelyk het, want 'n man het nadergestap en gevra waarom ek so sleg lyk. Ek het hom so hier en daar iets vertel en toe nooi hy my om 'n koppie koffie by hulle te kom drink. Dit is iets wat ek nooit sal vergeet nie. 'n Uitnodiging om 'n koppie koffie te kom drink, is iets alledaags, maar vir my was daardie uitnodiging 'n hoogtepunt. Dit was 'n heerlike ondervinding om weer tussen my eie mense te gaan sit en koffie te drink.

Dié man was 'n Vredeforter wat net terug was van Indië en ons het baie lekker gesels. Ná 'n rukkie het sy vrou my onverwags gevra of ek nie 'n broer van Lettie Kilian is nie en toe ek dit bevestig, het ons op egte boeremanier soos ou kennisse gevoel.

Hulle het my ook beduie waar ek my skoonsuster sou kry en dit was net daar waar ek die eerste kinders gekry het. Daar aangekom, was hulle tent ook toe teen die wind, maar ek het sommer die seilklap weggetrek en ingeloer.

Frans se vrou het my eerste gewaar en gesê: "Haai, hier is 'n ou tommie!" My ander skoonsuster, Maria, het my dadelik herken deurdat sy my 'n paar keer in die hospitaal gesien het. Die ontmoeting was aangenaam, maar ook vol droefheid. Dit was my oorlede vrou se susters en die gemis was groot.

Toe slapenstyd naderkom, was ek bly, want die wedervaringe van die dag het my kragte heeltemal ooreis en toe ek op 'n paar komberse op die grond gaan lê, was daar darem die goeie gedagte dat ek my hoof weer saam met my geteisterde landgenote kon neerlê.

Daardie nag kon ek nie slaap nie. Toe alles stilgeraak het in die tentjie, het my gedagtes my verteer. Dit was ook of ek gewag het vir die hospitaalroetine waaraan ek so gewoond was en vir die geluide wat so eie aan die hospitaalomgewing was.

Vir die res was die bedrywighede in die naburige tente vir my vreemd en steurend. By een tent het hulle gedans, by 'n ander kaart gespeel en luidrugtig gesels en by 'n derde is godsdiens gehou.

Soos met alles gebeur, het dié nag ook verbygegaan en die volgende oggend het ek Frans die kampopsigter gaan sien en hom gevra om my van 'n tent te voorsien, want hulle eie tent was te vol om my ook te huisves.

Die tent is toegestaan en naby die sopkokery van die kamp opgeslaan. Die vrou wat die kokery waargeneem het, het ek baie goed geken en al het ons nie in dieselfde span getrek nie, het sy tog spesiaal goed vir my gesorg. Ek het ook my rantsoene gekry, maar geen gereedskap gehad om iets gaar te maak nie.

Saam met die tent het ek net 'n kateltjie en 'n kassie gekry, maar die vrou het behalwe die sop ook my ander kos gaargemaak en omdat dit op boeremanier gedoen was, het dit vir my heerlik gesmaak. Ek moet ook byvoeg dat die kos wat toe voorsien was, glad nie van slegte gehalte was nie. Dit was toe glad anders as gedurende die oorlog.

Die kampdokter het my van 'n versterkmiddel voorsien en saam met die goeie voedsel het ek daarop gereken om weer sterk te word. Tussen die mense wat nog in die kamp was, het ek heelwat bekendes gekry en baie ander leer ken. Van die burgers wat in Indiese en ander kampe was, was ook al terug en daar was baie oor en weer te vertelle.

Wanneer ek so na hulle gesit en luister het, was dit vir my opvallend hoe moedig die mense oor die algemeen is om weer 'n begin te gaan maak ná die verwoesting. Aan die ander kant kon 'n mens dit nie anders verwag het van mense wat so heldhaftig uitgehou het in die ongelyke stryd nie. Self kon ek hulle geesdrif nie deel nie. Vir my was dit nog steeds of alles doodgeloop het en

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 19, Nr 2, 1989. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

ek was afsydig en eensaam in my hart. Later toe ek nugter oor die tyd kon terugdink, kon ek sien dat die swak liggaamlike toestand waarin ek verkeer het, grotendeels verantwoordelik was vir my geestelike verwardheid en ontwrigting.

Daar het ek ook vir Piet Pansegrouw ontmoet en ná ons beter bekend geraak het en hy verneem het dat ek grond besit, het hy gevra om by my te gaan bly. Ek het hom baie jammer gekry toe ek agterkom dat die man vir hom en sy gesin geen heenkome gehad het nie en ek het daar en dan besluit om hom te help. Ek het hom goed beduie waar my grond lê en gesê hy kon daar vry gaan woon, want ek sou nie weer teruggaan nie. Piet was baie dankbaar en toe sý beurt kom om die kamp te verlaat, is hy weg na my plaas. Later sou ek eers agterkom hoe goed dit was dat ek Piet ontmoet en hom na my plaas gestuur het.

Ná 'n paar weke in die kamp het ek besluit om Kichner te gaan besoek in die hospitaal. Vir my was dit 'n lang distansie om te voet aan te durf, maar ek het die seun beloof dat ek weer sou kom en ek moes die belofte nakom. Hy was baie bly en dankbaar dat ek gekom het en dit was vir my 'n groot beloning vir die tog wat ek onderneem het.

Ongelukkig was hy nog in dieselfde treurige toestand en wat kon ek tog doen om dit vir hom ligter te maak? Uit eie ondervinding het ek geweet dat woorde, hoe goed hulle ook bedoel mag wees, in sulke omstandighede nie veel waarde het nie. Dit was asof die stille teenwoordigheid van 'n vriend meer betekenis gehad het.

Die tommies by die hospitaal het my ontvang soos 'n ou vriend en ek moet sê dat dit vir my ook aangenaam was om hulle weer te sien. Gedurende die lang maande wat ons daar saam gebly het, het daar tog 'n soort van kameraadskap ontstaan, hoewel dit los gestaan het van dieper gevoelens. 'n Week of wat daarna het ek weer 'n besoek aan die hospitaal gebring, maar toe was Kirchner weg; hy is na Johannesburg gestuur.

Kort hierna het Dirk Myburgh, wat naby Greenlands gewoon het en wie ek baie goed geken het, mense in die kamp kom besoek. Dit was 'n groot blydskap toe ons mekaar raakloop en Dirk het aangehou dat ek saam met hom moes teruggaan om 'n rukkie te kuier. Ek het darem nie kans gesien om met die klere wat Harris my gegee het te gaan nie. Ek het Dirk belowe dat ek 'n bietjie later met die trein sou kom. 'n Plan om iets te bekom om aan te trek moes gemaak word.

Met die paar pond wat ek van die tommies gemaak het, het ek vir my 'n pak klere gekoop en hoewel dit maar van swak kwaliteit was, het dit tog beter gelyk as die driekwart kakiebroek en kakiejas waarmee ek uitgerus was. Ek het natuurlik aan baie meer dinge behoefte gehad as die pak klere, maar ek kon niks meer bekostig nie. Met my nuwe pak klere is ek toe na Dirk Myburgh toe en het ongeveer tien dae by hom en sy bure rondgekuier.

Ek het ook my enigste eie suster gesien. Haar verbasing was groot, want sy het gemeen dat ek lankal dood is. Dit was aangenaam om al die mense weer te sien, maar dit was ook aandoenlik om te aanskou hoe baie van hulle onder gebrande en gebuigde ou sinkplate moes skuil.

Daar was natuurlik die enkeles wat daarin geslaag het om hulle geld te behou en dadelik 'n begin kon maak. Maar ander het alles verloor of het nie 'n noemenswaardige besitting gehad toe die oorlog uitgebreek het nie. Laasgenoemde twee groepe was gewis in die meerderheid. Wat ook vir my opvallend was, is die afwesigheid van veetroppe. Die vlaktes en bulte wat voorheen bont gespikkel was van beeste en skape, het nou in stille verlatenheid in die son gebak; kaal gestroop van alles wat lewend was.

'n Ander netelige kwessie was die verraaiers. Daar was twee soorte: Dié wat aktief saam met die vyand geveg het en die ander wat selfs dáárvoor te lafhartig was en in die kampe vir die Engelse gaan werk het om seker te maak dat sy vel gespaar bly. Om hulle uit te ken, was dit glad nie nodig om vooraf ingelig te wees oor hulle doen en late nie. Soos te verstane, het die geselskap destyds hoofsaaklik oor die oorlog gegaan. Wanneer bekendes mekaar ontmoet, of selfs vreemdes, is daar onwillekeurig oor en weer vertel van verliese en ervarings en die onsekere toekoms is bespreek. Ontmoet jy egter 'n persoon wat niks te vertelle het nie en die geselskap in 'n ander rigting probeer stuur, dan het jy onmiddellik geweet dat jy met verraaier se kind te doen het. Deur dié swakkelinge het daar baie onaangenaamheid ontstaan. Tussen bekendes was dit al erg genoeg, maar waar die verskil tussen vader en seun en broer en teen broer was, het dit soms pynlike situasies geskep.

Met die kuier van my in daardie geweste het ek eendag teen 'n hoogte uitgeloop vanwaar ek op my plaas kon kyk. Aaklig en stil het die vervalle muurpunte omhoog gesteek. Die liewe stemme

en voetstappe wat lewe en geluk aan my eertydse woning gegee het, was stil – vir altyd stil. Nie eens 'n lewendige dier om die groot verlatenheid te verlig nie. Dit was skokkend. Ek het my kop weggedraai en opnuut gevoel dat ek nie weer daarheen kon terugkeer nie.

Voordat ek sou terugkeer na die kamp op Kroonstad, het ek ook 'n besoek gebring aan my grootvader na wie ek genoem is. Hy was al in die tagtig jaar, maar het dwarsdeur die ooglog diens gedoen en vry gebly. Ek was verbaas om hom nog so sterk aan te tref, maar hóé flink hy regtig nog was, het ek eers uitgevind toe ek die trein moes haal.

Die enigste manier van vervoer was te perd en Oupa het besluit om my self weg te bring na Heuningspruitstasie. Dit op sigself was nie snaaks nie, maar toe ons wegtrek, het ek anders opgekyk. Oupa was 'n wilde ruiter en ek moes uithaal so wat ek kon om by te bly. In gewone omstandighede sou ek so 'n rit saam met hom ten seerste geniet het, maar ek was nog te veel aan die vaal kant en dit het al my uithouvermoë gekos om my gryse ou grootvader se gelyke te wees.

## HOOFSTUK 18

Terug in die kamp het ek gevind dat die mense vinnig minder word. Elke dag is daar name afgelees van mense wat kon uitgaan en toe my skoonsuster, Maria Venter, kennis kry om te gaan, het sy my naam saam met hare opgegee.

Ek het nie teengestribbel nie. Terug na my plaas wou ek nog steeds nie, maar ek het besluit dat ek nie kon bly waar ek is nie; enige plek sou maar goed wees en ek het my laat welgeval soos Maria besluit. Buitendien het ek ook jammer gevoel vir haar. Sy en my oorlede vrou het saam in die kamp gekom met hulle kindertjies en Maria was die enigste oorlewende. Haar man het wel nog geleef, maar hy was in Indië en Maria moes bitter eensaam gevoel het.

Die klaarmakery vir die vertrek was 'n kleinigheid, want daar was bloedweinig om in te pak. Wat daar was, het ons in 'n paar bondeltjies gebind en die reis begin met 'n muilwa wat ons tot op Kroonstadstasie gebring het. Daar moes ons 'n hele ruk wag op 'n trein en vir die laaste keer het ek die sinkgeboue van die militêre hospitaal gesit en betrag. Baie gedagtes het deur my kop geflits. In daardie selfde hospitaal het ek hoeveel keer begeer om te sterf, maar ek het geleef. Ek het daaruit gekom en gevoel soos 'n kurkprop wat doelloos op die water ronddobber, maar tog was die stroom van die lewe besig om my in 'n rigting te voer.

Toe die trein eindelik instoom, het die stasiebeamptes ons bondeltjies sonder om 'n woord te sê geneem en dit in 'n beestrok gegooi. Die veragting waarmee ons eenvoudige besittings behandel is, het my opstandig gemaak, maar wat kon ek doen? Die geringste optrede kon veroorsaak dat ons ook die beestrok kwyt raak, en om die reis wat nou eenmaal begin was te verongeluk, was nie aan te dinke nie; nou wou ons weg. Maria en ek het toe maar die bondels gevolg en vir ons elkeen 'n sitplek in 'n hoek van die trok gemaak; sy op die rol komberse en ek op 'n kassie.

Daar was geen deure aan die spoorwa nie, maar gelukkig was die weer gunstig en ons kon die reis in die nederige voertuig sonder verdere ongerief voortsit. Op Wolwehoek moes ons 'n dag en nag oorbly voordat 'n tweede beestrok beskikbaar was na Heilbron. Hierdie keer was daar darem deure aan.

Op Heilbron aangekom, het ons die goedjies in die wagkamer gepak en aangestap na Maria se skoonouers wat in die dorp gebly het. Daar het ons 'n dag of wat vertoef en is toe in kennis gestel dat die muilwaens wat die mense na die plase vervoer, gereed is.

Elkeen wat na die plaas geneem is, het rantsoene vir 'n maand ontvang. Dit het ingesluit meel, suiker, koffie, "bullybeef" en so meer. Maar om 'n maand daarmee uit te kom, moes jy baie skraps te werk gaan. Die mense wat ná 'n maand nog nie in hul behoeftes kon voorsien nie, kon darem aansoek doen vir 'n tweede rantsoen. (Verbeel jou! Ons mense wat volkome selfonderhoudend was, moes van rantsoene leef.)

So is ek en Maria toe weg na hulle plaas Walfontein, waar ek in die oorlog in die klipskeur weggekruip het. Die woonhuis was ook verwoes, maar 'n paar buitekamers het nog gestaan en dit was seker omdat die vyand dit vir eie gebruik nodig gehad het, want dit was nie hulle gewoonte om iets ongeskonde te laat nie. Met ons aankoms het ons gevind dat 'n jonggetroude paar reeds hulle intrek daar geneem het. Maria het die vroutjie geken, maar nie die man nie. Hulle is gedurende die oorlog getroud.

Ons het toe elkeen sy intrek in 'n buitekamer geneem en ek het Maria gehelp om 'n lewetjie los te worstel. Tot veel was ek nog nie in staat nie en my linkerarm was nog feitlik nutteloos, maar ek het 'n groentetuintjie aangelê. Dit was 'n groot gesukkel, want spitwerk was eintlik bo my vuurmaakplek, maar ek het gou 'n groot behae daarin gehad dat ek weer iets kon doen, ek het weer iets beteken. Intussen het Maria die buitengewone hulpvaardigheid van die man wat saam met ons gewoon het, bespreek en ons het ons eie opinie daarop nagehou. Ná 'n paar dae kom dit uit dat die knaap onder die Engelse was en toe was die verwydering kompleet.

Piet Pansegrouw het toe al op my plaas Stillewoning gewoon en het verskeie kere oorgekom om te hoor of ek nie maar wou terugkom om by hulle te bly nie. Eers het ek die voorstelle sonder meer van die hand gewys, maar op 'n dag het ek besluit om minstens te gaan kyk hoe dit daar lyk. Wat deur my gedagtes gegaan het by die aanskoue van al die bekende plekke, kan begryp word. Herinneringe het soos sweepslae op my gereën en daarby 'n opstandigheid teen die sinnelose verwoesting wat aangerig is.

Piet het toe al die vervalle mure opgebou gehad en 'n dak van ou seile opgesit. Ek is weer 'n keer gevra om tog terug te kom en die hartlikheid daarvan het my getref. Maria se man het kort hierna van Indië teruggekom en toe het ek teruggegaan na Stillewoning.

Piet Pansegrouw en sy vrou was twee baie goeie mense en ná ek my intrek saam met hulle onder die seildak geneem het, het ek eers besef hoe goed dit is dat ek hulle na my plaas gestuur het. Die groot eensaamheid waarteen ek met swaarmoedigheid opgesien het, is deur hulle vriendelike teenwoordigheid draagbaar gemaak en ek kon die draad van die lewe weer stadigaan opneem.

Eintlik het 'n mens nie geweet waar jy moet vat of los nie, want alles was verwoes en daar was niks om iets mee te begin nie. By my skoonmoeder het ek darem 'n kwitansie gekry wat die Engelse gegee het vir my kar en osse wat hulle gevat het. Met dié geld het ek twee koeie en vier ossies gekoop. Vir die koeie het en twintig pond stuk betaal en vir die ossies twaalf pond stuk. Ek het ook vir my 'n perd aangeskaf waarvoor ek tien pond betaal het, maar hy was nie veel werd nie. Van uitsoek was daar nie sprake nie en ek kon darem met hom oor die weg kom. Piet het vir hom ook twee koeie gekoop en dit het sommer anders gelyk en gevoel toe daar weer 'n paar lewendige diere is om na te kyk.

Daar naby het 'n mak Engelsman, dit wil sê 'n Engelsman wat voor die oorlog al hier was, gewoon en saam met hom 'n jong Afrikaner wat gedurende die oorlog aan die vyand se kant was. Die kêreltjie se vader was nog krygsgevangene oorsee en sy skuldgevoel en vrees vir die grimmigheid van sy vader moes groot gewees het, want waarom anders sou hy by die Engelsman bly en nie op die familieplaas nie?

Hoe dit ook al sy, in die tyd waarvan ek vertel, het hy 'n brief van sy vader ontvang wat vir hom die einde van alles beteken het. Die ou man het geskryf dat hy terugkom, maar die seun moet sorg dat hy weg is met sy aankoms, want hy wou hom nooit weer sien nie. Die kêreltjie het toe sy eie lewe geneem deur homself te skiet. Die Engelsman het my laat roep en ek het die seun daar aangetref in 'n plas bloed; van sy harsings het teen die plafon gespat. 'n Aaklige prys vir sy verraad.

Ons het dit gaan rapporteer en nadat die magistraat uitgekom en sy ondersoek voltooi het, is die man sommer so stil op hulle eie plaas begrawe. Net 'n paar dae daarna het sy vader op die plaas aangekom. Hierdie geval van vervreemding tussen vader en seun was natuurlik nie iets buitegewoon nie. Daar was ongelukkig meer gesinne waaruit een of meer swartskape verdryf is.

Gedurende die oorlog het ons vir die verraaier net die gebruiklike straf van doodskiet bedink, maar ek dink dat die straf wat deur die gemeenskap ná die oorlog opgelê is, swaarder as die dood was. Hoe hulle die gedurige veragting en verwytende oë kon uitstaan, weet ek nie. Daarby was dit 'n smet wat ook onskuldiges getref het. By meer as een geleentheid het ek die opmerking gehoor: "Sy pa of oupa was 'n hensopper". Hoe dit ook al sy, daar was destyds nie kans om stil te staan by so 'n gebeure nie; die stryd om te bestaan, moes onverpoos voortgesit word.

Een van die grootste probleme was om kontantgeld te bekom. Die plase kon nog niks oplewer om te verkoop nie; daar moes inteendeel steeds aangekoop word om die boerdery weer aan die gang te kry, en pryse was hoog.

Om in die daaglikse behoeftes te voorsien, het dus vir baie van ons hoofbrekens besorg; jy het net nie geweet wat om te doen om 'n paar sjie-

lings kontant in die hande te kry nie. 'n Buurman wat gelukkig genoeg was om sy geld te behou, het toe besluit om aartappels op 'n groterige skaal te plant. Dit moes met die graaf geplant word en hy het 'n halfkroon per dag betaal. Ek het dadelik gaan inval, maar moes die werk ná 'n paar dae staak. Die wonde wou dit maar nie verdra nie en dit het my ook nog aan liggaamskrag ontbreek.

Een geluk was dat as jy daarin kon slaag om die nodige geld by te bring, kon jy omtrent alles koop wat jy nodig het. Aan die begin het die winkels maar beperkte voorraad gehad, maar dit is redelik gou aangevul.

Slaggoed was ook verkrygbaar, hoewel die man wat dit voorsien het 'n vyand was; hy was 'n kakieboer wat met die sluiting van die vrede met honderde skape gereed gesit het om aan sy honger landgenote vir eie gewin te verkoop.

Kommandant Meyer, wat in die Kolonie was met die sluiting van die vrede, het daar 'n klompie bokkapaters gekoop en dit hier vir slaggoed verkoop. Dit was groot vet bokkapaters teen die prys van een pond en tien sjielings stuk. Soos ek gesê het, het baie nie die geld gehad om te koop nie en moes maar terugval op hase en wild wanneer 'n geweer geleen kon word. In ons kontrei was daar voor die oorlog heelwat spring- en blesbokke en daar het genoeg van hulle oorgebly, want hulle was natuurlik een te veel vir tommie se kind. Maar die goed was so wild geskiet dat jy met moeite een in die hande kon kry.

Ja, dit was werklik 'n stryd om te bestaan, maar ons boerenasie het die tou nie vir 'n oomblik laat slap lê nie. Op alle moontlike en onmoontlike maniere is gepoog om toestande te verbeter en waar daar 'n wil is, is daar sekerlik 'n weg.

Een van my bure het twee koeie en twee perde voor 'n eenskaarploegie gespan en 'n land omgeploeg. 'n Ander buurman, oom Piet Fourie, het glad niks besit nie en hy en sy twee seuns het 'n stuk land met die graaf aangepak, 'n taak waaraan daar in gewone omstandighede nie aan gedink sou word nie. Hulle het dit voltooi en pampoene geplant. Die oes was buitengewoon groot en hulle het goed geld gemaak met die verkoop van die pampoene.

## HOOFSTUK 19

Dit was werklik 'n tyd waarin jy jou kon verbaas aan die deursettingsvermoë en vindingrykheid van ons mense. Man en vrou het saamgestaan en niks is as te swaar beskou nie. Dan was dit ook opvallend hoe voorspoedig dit met alles gegaan het. Wat in die grond gesit is, of dit nou mielies, groente of wat ook al was, dit het weelderig gegroei en goed gedra.

Reën was genoeg en die veld pragtig. Die bietjie vee wat aangeskaf was, was in goeie kondisie en die aanteel uitstekend. Alles was nog op so 'n klein skaal dat dit min verligting in die lewensbehoeftes kon bring. Die seën wat op elke poging gerus het, was egter genoeg om die hoop te laat opvlam en deur te druk.

Die ou perd wat ek gekoop het, het tog baie vir my beteken. As ek iewers heen wou gaan, was dit nie meer nodig om 'n ryding te leen, of vir 'n geleentheid te wag of selfs te voet weg te spring nie; ek kon myself help.

So het ek op 'n dag besluit om na Heilbron te ry. Dit was ons naaste dorp en vier uur te perd van ons af. Om die rit te onderbreek, het ek die middag tot omtrent halfpad gery en die nag by bekendes oorgebly. Ek onthou dit goed omdat ek my nie kan herinner dat ek al ooit so koud gekry het as daardie nag nie. Soos alle ander dinge was komberse ook skaars en die goeie vriende het net nie genoeg gehad om my ook warm toe te maak nie.

In elk geval, ek is die volgende dag verder en 'n entjie buite die dorp het ek 'n kar sien stilhou. Toe ek naby genoeg was, sou ek sien dat dit oom Gert en oom Swart Stoffeltjie is en dat die twee oues lekker geswael is. Oom Gert was besig om oom Swart Stoffeltjie met die eienaardigste vrae uit die Bybel te bestook en was sommer ongeduldig omdat dié nooit die regte antwoord gehad het nie. Of hulle ooit bewus was van my teenwoordigheid, weet ek nie, maar die redenasie het aangegaan asof dit net hulle twee is. Eindelik het oom Gert toornig gevra: "Stoffel! Onthou jy wat van Sodom geword het?" Hierdie vraag het dwarsdeur oom Swart Stoffeltjie se benewelheid gedring en hy het vlam gevat. Die antwoord op hierdie vraag het hy ongetwyfeld geken, maar in sy toestand moes hy gemeen het dat oom Gert hom persoonlik bedreig met die straf van Sodom. Ek het baie lekker gelag, maar toe ek sien dat die gemoedere hoog begin loop, het ek my perd opgetrek en gery.

Die petalje was nie sonder betekenis nie; dit het my goed laat voel. Voor die oorlog was dit die ou gewoonte van die twee om dorp toe te ry en

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 19, Nr 2, 1989. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

hulle te buite te gaan met die bottel. Toe ek hulle so oudergewoonte sien handel, was die gewaarwording daar dat ons mense besig is om die verwoesting en ontwrigting van die oorlog in die verlede in te skuif; hulle was besig om die normale gang van die lewe, soos dit voor die oorlog was, voort te sit. Oom Gert en oom Swart Stoffeltjie het nou wel die verkeerde gang van sake in die hande gehad, maar hulle het nietemin die duidelike teken gegee: "Ons word rustig; ons hervat ons gewoontes."

Gedurende hierdie tyd het Piet Pansegrouw my kom vra om vir hom borg te staan sodat hy 'n klompie skape kon koop. Vir borgstaan was ek bra lugtig, maar teen hierdie tyd was ek darem seker dat Piet 'n man uit een stuk is. Buitendien het ek self ook 'n plan gehad om skape aan te skaf en so het Piet en ek gesorg dat ons met die volgende verkoping op die dorp is. Al skape wat daar te kope was, was veertig basterhamels. Dié het ons toe gekoop, hy twintig en ek twintig, met die oog daarop om hulle vir ooie te verruil.

Soos ek reeds gesê het, was daar 'n kêrel in die buurt wat ná die oorlog met 'n groot trop skape gereed gesit het en omdat hy ook met slagvee handel gedryf het, sou ons die groot hamels maklik vir ooie verruil kon kry.

Ek en Piet moes self die skape aanjag huis toe en ons het 'n moeilike tydjie gehad. Ek was met my ou perd daar en Piet met sy fiets, maar die skape het skoon hande uitgeruk. Hulle was groot en vet en so wild en rats soos perde. Eers nadat ons hulle letterlik flou gejaag het, het hulle begin koersvat.

Op die plaas het ons dit net so moeilik gehad met hulle. Daar was nog geen drade nie en Piet moes tydig en ontydig op die fiets spring om hulle voor te keer. Ons het toe besluit dat die ruilery so gou moontlik afgehandel moes word en ek het oorgery na die man om besigheid te doen. Ek is oorvriendelik ontvang, want ek het hom goed geken, en hy was dadelik gewillig om ons veertig mofooie vir die hamels te ruil. Ek het sonder versuim 'n afspraak gemaak wanneer ons met die hamels daar sou wees en teruggery om hulle bymekaar te gaan maak.

Toe ons met die hamels daar aankom, was die man se skape reeds in die kraal, maar dit was g'n mofskape nie; dit was basterooie. Met 'n vroom gesig en sy hande pleitend inmekaar, het hy tog te mooi verskoning gevra omdat hy ons nie van mofskape kon voorsien nie. Met die bymekaarmaak van die skape sou hy gesien het dat sy mofskape klaar uitverkoop is.

Ons het dadelik geweet dat die vent twak praat en sy gemeenheid het 'n mens teen die bors gestuit. Om te dink dat 'n mede-Afrikaner so gewetenloos kon wees! Om met die veertig wilde hamels terug te gaan en hulle weer op die dorp te kry, daarteen het ons opgesien. Piet was wel fris en gesond, maar alleen kon hy hulle tog nie behartig nie en vir my was dit nog 'n groot inspanning om so aanhoudend te woel. Ons het dus maar die ruil laat deurgaan en die ooie was darem inskikliker as die hamels. Later het die volk daarmee uitgekom dat die mofskape op die dag van die ruil haastig na 'n ander plaas gejaag is. Dit het werklik gelyk of die man nie genoeg kon kry van roof nie.

Ek en Piet se eerste werk was om my klipkrale wat ook verwoes was, weer reg te kry. Op plekke moes die mure feitlik van nuuts af opgestapel word en dié werk was vir my nog te swaar. Ons het skaars begin toe voel ek dat die plek agter my blad waar die koeël uit is, pynlik is, maar die gedagte dat ek weer 'n klompie ooie het, het my laat uithou.

Later moes ek tog die werk staak, want die pyn het onuithoubaar geword en ons het agtergekom dat daar weer 'n verswering in die ou wond aan die gang is. Ek wou na die dokter gaan, maar het nie vir die perdry kans gesien nie. Toe hoor ek dat oom Jan Labuschagne van plan is om met sy skotskar en osse na Heilbron te gaan en ek het laat vra om saam te gaan. Op pad het ek gewonder of ek nie beter sou gevaar het met die perd nie, want die gestamp van die skotskar kon ek nie uithou nie en het die grootste gedeelte van die reis te voet afgelê. Ons het die nag in die veld geslaap, maar ek was dwalende en het geen rus gekry nie.

Drs. Blood en Clayton was destyds op Heilbron en dokter Blood het die volgende dag 'n sny oor die blad gemaak. Dit was 'n groot verligting toe al die vuilgoed uit is en hy die plek behoorlik verbind het. Ek onthou nog goed dat ek hom 'n pond moes betaal vir sy dienste, maar vir my was dit baie meer werd al was 'n pond ook hoe skaars. Dit was die laaste moeilikheid wat ek met die wond gehad het en daarna het ek heeltemal gesond geword nadat ek vir byna 'n jaar 'n invalide was.

Een van die eerste werkies wat ek hierna gedoen het, was om vir my 'n wastafeltjie te maak.

Die enigste gereedskap was 'n sagie, hamer en spykers. Al hout waaroor ek beskik het, was 'n ou tentpaal en kasplanke. Die tentpaal het ek deurgesaag vir pote wat een kant plat en een kant rond is en 'n stewige tafeltjie gemaak wat nou nog in my besit is. Net voor die uitbreek van die oorlog was ek van plan om 'n nuwe woonhuis te bou en het al laat klippe breek toe die stryd losgebars het. Die wit klippe vir die hoeke, wat al gereed was toe die werk gestaak moes word, het ongeskonde deur die oorlogsjare bly lê en toe ek nou gesond was, het ek en Piet self ingespring en die blouklip gebreek.

Piet was 'n vernuftige kêrel met messelwerk en houtwerk en ons twee het 'n redelik goeie huis gebou, wat natuurlik nie so 'n maklike taak was met so min hande nie.

Met ons veertig ooie het dit baie goed gegaan. Hulle het dwarsdeur die jaar gelam en omtrent elke lam het behoue gebly, want soos ek reeds gesê het, was ons buitengewoon gelukkig met alles wat ons aangepak het. So het ek en Piet 'n paar jaar saamgewoon en elkeen van ons het toe honderde skape besit. Piet het besluit om vir hom 'n plaas te huur, want hy was klaar op sy bene. Vir my was dit 'n plesier dat Piet finansieel sterk genoeg is om op sy eie te gaan, want ek het in hom belanggestel soos in 'n broer. Hy het die paar jaar saam met my gewoon sonder dat daar enige kontrak of huurgeld betaal is. Ons het sommer net die lewe saam begin veg en hy was dit werd om gehelp te word sodat hy op die been kon kom.

Stadig maar seker was ons Afrikanervolkie dus besig om op materiële gebied weer te herstel. Ons geestesgoedere was 'n ander saak en hoe lank die stryd hiervoor geduur het, is bekend. Die buitedienste wat ds Minnaar van Heilbron gedurende daardie tyd gehou het, het vir ons baie beteken. Getrou aan Kerk en Godsdiens, soos die Afrikaner destyds was, het die dienste weer vastigheid, hoop en rigting gegee. (Ek onthou die dienste ook omdat ek soms gevra was om voor te sing en dit kan tog so onstigtelik wees as daar te hoog of te laag ingesit word. Ek was darem gelukkig nootvas.)

Soos alles in die lewe verbygaan, het die jare van verwoesting en ontwrigting dan ook stadig in die verlede verdwyn. Van wat daar gely en verlore was, kon nooit vergeet word nie, maar die lewe laat mos nie toe dat 'n mens by 'n sekere tydperk stil bly staan nie; en dis ook voorwaar 'n groot seën.

Ek is later weer getroud en toe hulle met die besproeiingskema naby Koppies begin het, moes ek my plaas verkoop omdat dit in die benodigde gebied geval het. Ek het in Kroonstad se distrik 'n plaas gaan koop, maar ek was nooit weer so voorspoedig soos op my ou plaas nie. Verandering is nie altyd 'n verbetering nie en dan het dit soms gelyk of onverwagte terugslae my graag getref het. Daar was egter ook die goeie dinge en gelukkige dae waarvoor ek dankbaar is.

## HOOFSTUK 20

Vir meer as veertig jaar het ek op my plaas, Elim, gewoon en die oorlogsjare het enigsins vervaag. Met die uitbreek van die rebellie in 1914 het alles weer lewendig voor die gees gekom. Ek het myself gaan aanmeld vir diens, maar die kommandant met wie ek baie goed bekend was, het besluit dat ek liewer moes teruggaan. Hy het gereken dat ek liggaamlik nog nie honderd persent is nie en dat ek buitendien al genoeg opgeoffer het.

In 1952 het daar egter iets voorgeval wat die hele verlede weer vars in my geheue laat kom het. In Die Vaderland het 'n afdruk van 'n portretjie verskyn van vyf gewondes in die Kroonstadse Militêre Hospitaal. Daarby is gemeld dat die portretjie afkomstig is van dr. Orford, en dat hy graag wou weet of daar nog van die eertydse pasiënte in lewe verkeer.

Ek het self een van die portretjies besit en gelukkig het baie van my familielede dit goed geken, anders sou ek nooit van die dokter se navraag te hore gekom het nie, want ek het Die Volksblad gekry. Die koerant waarin die navraag gedoen is, is vir my aangestuur en dit was vir my 'n wonderlike verrassing, want destyds in die hospitaal is aan my vertel dat Orford terug is na Engeland. Dat hy al die tyd in die Klerksdorpse distrik gewoon het, kon ek nooit droom nie. My een dogter, Lettie Bennett, het toe dadelik met hom in verbinding getree en graag verskaf ek sy antwoord van 13 Junie 1952, wat soos volg lui:

> Dear Mrs Bennett
>
> Many thanks for your sweet and charming letter of June 3, which gave me a great thrill.
>
> The photograph to which you refer was that of five dear Friends of far off days. The only of those five that was not severely wounded was

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 19, Nr 2, 1989. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Mr Crafford, and I included him in the picture because he was such a grand chap and always had a little joke with every one, which was a big factor in keeping up morale. I am sure your dad will remember him well. He was the best liked man in the hospital.

I remember every detail of your father's case without referring to my case book which gives diagrams of a very unusual case and even now I wonder how he recovered so completely and lived to his ripe age. Please give him my kindest regards and tell him if ever he travels this way there will be a great welcome from my wife and myself at our home and I home he will stay with us for a few days and talk over old times.

In the meantime will you draw me a map showing the way to where he is staying in the Kroonstad district. We are 80 miles from Kroonstad and we go through Viljoenskroon, so if it is our side of Kroonstad will you indicate where you turn off and if I have to go to Kroonstad, show me the way out and the name of the nearest farm. My son Jack (now a man of 42) has to take cattle to the Royal Show, Maritzburg and when he gets back he will drive me over to see your father.

I have him down as Caspar Grizel, shot February 2, 1902, with a full case history which I want to take over to show him and which my son can translate into Afrikaans.

The remarkable part is that I had to remove portions of the 4th, 5th, 6th, and 7th rib to relieve pressure on the heart and I do want to see what the condition of his lung and chest is after all these years. I am a very old man now and have not practised for over thirty years except to help in wartime, but I have never lost my affection for those grand men of Boer-war days who fought for an ideal and suffered untold hardships for their cause, so you will know how I look forward to meeting your dad again.

With kindest regards and many thanks for letting me know that oom Casper is still alive.

With kindest regards
Yours sincerely

H.J. Orford.

My dogter het toe die gevraagde inligting gestuur en ek kon die tyd nie afwag dat hy moes kom nie. Om hom weer in lewende lywe te ontmoet, het ek nooit verwag nie en omdat hy al oud was, was ek so bang dat iets kon gebeur wat die ontmoeting vir altyd kon afstel. Al het ek nooit verwag om hom weer te sien nie, het ek tog in al die jare met agting aan hom gedink en dit was nie alleen omdat hy my deur 'n groot krisis gehelp het nie. Daar in die hospitaal het hy duidelik sy agting vir ons burgers getoon. Nooit is die tommies se belange voor ons s'n gestel nie en al sy doen en late het van 'n simpatieke houding getuig.

Ná 'n paar weke het die telefoon eendag gelui en toe ek hoor daar moet aangehou word vir Klerksdorp, het ek geweet dat die besoek op hande is. Dit was toe sy seun mnr. J. Orford, en hy het my meegedeel dat ons vir hom en sy vader die volgende Vrydag kon verwag. Dit was inderdaad goeie nuus, maar die Donderdag was daar weer 'n oproep en toe moes ek verneem dat die ou dokter geval het en dat die besoek voorlopig uitgestel is tot die volgende Vrydag. Ek het begin dink dat my voorgevoel bewaarheid gaan word en dat ons mekaar nie weer sou ontmoet nie, maar die volgende week was daar 'n derde oproep; hy was beter. Hulle kom.

'n Paar myl van my huis af was 'n uitdraaipad wat hulle moontlik kon verwar en op die bepaalde dag het ek tot daar gery en gewag. Naderhand het daar 'n motor gekom wat onseker stadiger gery het by die uitdraaiplek en toe het ek geweet dis hy.

'n Gryse, geboë ou man het uit die motor geklim en toe ons mekaar se hande vat, het hy net gesê: "Griesel! Are you still alive . . ." Verder kon nie een van ons iets sê nie, want elkeen se gemoed het volgeskiet. Met skokkende helderheid was ek onmiddellik teruggeplaas na dae van lank gelede toe 'n fiere, onvermoeide jong dokter sy bes gedoen het om pyn en wanhoop te verlig. Ek het weer die geruk en geklap van die hospitaaltente gehoor in die stowwerige noordewind. Dit was amper te veel emosies om meteens in te neem.

By die huis het my vrou alles gereed gehad om hulle so goed moontlik te ontvang. Dit was net jammer dat die ou dokter nog nie Afrikaans kon praat nie. Ek kan Engels redelik goed verstaan, maar kan dit nie vlot praat nie. Sy seun was egter 'n baie gewillige tolk en ons kon tog lekker gesels oor dae van lank gelede.

Soos ek verwag het, wou hy ná 'n rukkie die ou wonde sien. Ons het kamer toe gegaan en hy het die plekke deeglik bekyk en betas. Hy het aan my gesê dat toe hy destyds weg is van Kroonstad se hospitaal, hy nie gedink het dat ek kon herstel nie en daarom was hy so verbaas om te verneem dat ek nog leef.

Vir my was dit 'n aandoenlike gewaarwording om die hande wat vyftig jaar gelede so baie vir my gedoen het, weer aan my te voel en weer bewus te wees van sy intense belangstelling. Dat die besoek vir hom 'n inspanning moes gewees het, was duidelik. Al was sy jare nie so baie hoog nie, was sy gesondheid van so 'n aard dat hy reeds afgeleef was en daarom het ek dit des te meer waardeer dat hy gekom het.

Hy het my en my vrou die dag herhaalde kere uitgenooi om vir tien dae by hulle te gaan kuier en dit was iets waarna ek baie uitgesien het. Ongelukkig het my vrou se gesondheid kort daarna so versleg dat daar niks van gekom het nie. Toe ek dokter Orford daardie middag gegroet het, was dit vir die laaste keer in die lewe; nie lank daarna nie, is hy oorlede. Tot vandag toe bly daardie besoek van my ou dokter vir my 'n uitstaande gebeurtenis om verskeie redes.

Eerstens was dit 'n ongewoon aangename verrassing vir my om hom ná soveel jare weer in lewende lywe te sien; dit was iets wat by my onder die onmoontlike getel het. Ek het gemeen hy was in Engeland en het nie eens geweet dat hy nog lewe nie.

Tweedens sal ek dit altyd onthou omdat ek nie aan iets anders kan dink wat die oorlog en sy verskrikking so pynlik helder uit die verlede geruk het nie.

Derdens was dit opvallend dat die tweede en laaste ontmoeting weer saamgeval het met 'n tyd van ontwrigting. Ek moes dit oorweeg om die ankers te lig en my woonplaas op my oudag te verlaat; iets wat vir my niks minder as ontwrigting was nie; want op gevorderde leeftyd is jy reeds vasgegroei aan die bekende en pas nie meer so maklik aan by veranderde omstandighede nie.

Met die skielike verslegting van my vrou se gesondheid was daar egter vir my geen ander keuse nie; ons moes verskuif na my skoonseun en dogter, Isak en Nellie Kleynhans op Bothaville. Kort hierna is my vrou oorlede en alles was weer uit verband geruk.

Nou is ek in die aand van my lewe. Die tyd wanneer 'n mens hoofsaaklik in die verlede leef; die tyd wanneer 'n mens van jou meeste tydgenote as oorlede praat. Dit is vir my opvallend dat ek in die afgelope tyd selde 'n koerant oopmaak waarin daar nie een of meer berigte van die afsterwe van oudstryders is nie. Dit maak 'n mens so bewus daarvan dat jou geslag besig is om verby te gaan; jy voel uitgedien en dink met verlange aan al die leë plekke en sommer aan alles wat eenmaal was. Nou kyk ek terug oor tagtig jare en dink aan die Woord wat sê dat die uitnemendste daarvan moeite en verdriet is.

Ja, ek moes groot terugslae en teleurstellings die hoof bied, maar daar was gelukkig ook die goeie dae en dinge wat ek nie mag vergeet nie en waarvoor ek my Skepper dankbaar is. Ek is ook dankbaar vir die rykdom van herinneringe wat ek oor en oor kan herleef. Sommige van hulle is pynlik, ander weer gelukkig en dan is daar dié wat 'n spontane lag by jou wek as jy daaraan terugdink.

Vir my Volk sien ek 'n groot toekoms ten spyte van alle gevare wat dreig. Vir alles wat ons sover verkry het moes daar gestry word, maar juis omdat niks ons in die skoot geval het nie, sal ons dit met trots behou en steeds daarop voortbou. Om weer ons eie Republiek te sien, is 'n groot begeerte van my. Of ek dit sal beleef, weet ek nie, maar ek het die volste vertroue dat dit in die nabye toekoms herstel sal word. Nou wil ek afsluit met 'n saluut aan my stoere Volk en Vaderland: God behoede Suid-Afrika! Lank lewe Suid-Afrika!

EINDE

## NASKRIF

Op Vrydag 15 Oktober 1971, het my ou vader ontslaap; om 10.20 vm was die stryd volstry en het die gordyn gesak oor 'n veelbewoë lewe. 94 jare en 8 maande het hy geleef om die aanslae van die lewe die hoof te bied, staande te bly en ook die goeie raak te sien en te geniet. As ek so terugdink aan sy lewe, dan bly die volgende karaktertrekke van hom vir my uitstaande.

Eerstens was hy 'n diep gelowige. Hy het sy God se Hand in alles erken en sy rotsvaste geloof het hom in staat gestel om beproewings, wat soms byna onmenslik was, te verduur sonder om bitter te word.

Tweedens het hy beskik oor die gawe van waaragtige meegevoel met andere. Of dit nou dood, siekte, geldelike nood of wat ook al was, oor die warme egtheid van sy meegevoel kon nooit getwyfel nie, want sy hulp, as dit enigsins moontlik was, is so hartelik en spontaan aangebied.

Ek kan ook nie nalaat nie om melding te maak van sy liefde vir diere. Ek onthou nog 'n dag toe hy langs sy osse gestap en met hulle gesels het; veral die twee agterosse, Jonkman en Kafferland, het hy aangemoedig en beloftes gemaak omdat hulle bietjie langer as gewoonlik moes werk. Hy het die kuns verstaan om met die diere te verkeer.

Nog 'n laaste iets wat vir my kostelik was, is sy gesonde humorsin. Al het dinge ook hoe moeilik verloop, kon hy altyd iets raaksien wat sy lagspiere geprikkel het en daarmee het hy seker meer as een krisis afgeweer. Hy was so 'n gebalanseerde mens.

Bostaande is nie bedoel as lofbetugings ná die dood nie. Ek is seker dat almal wat hom in sy lewe geken het, sal beaam wat so pas gesê is. Vir tien jaar het hy by my tuisgegaan en die laaste paar jare was hy in die ouetehuis op Odendaalsrus. Daar het hy die teëspoed gehad om te val met die gevolg dat hy die laaste rukkie van sy lewe in 'n rystoel moes deurbring.

Op Woensdag 13 Oktober het hy siek geword met inwendige bloeding. In die hospitaal was dit al gou duidelik dat die toestand uiters ernstig is. Sommer van die eerste dag was hy in 'n ylende toestand. Met tussenposes het hy sy oë oopgemaak en ons vir 'n paar oomblikke verwonderd aangekyk om dan weer weg te sink in die toestand waarvan ons geen begrip gehad het nie.

Ek het gewonder wat deur sy ylende gedagtes flits. Het hy weer saam met sy oorlogsmakkers deur die Engelse kordon gejaag? Het hy weer die laaste runnik van Prins gehoor? Het hy weer die stormagtige noordewind en die troostelose geruk en geklap van die hospitaaltente gehoor? Wie sal weet? Die laaste nag van sy lewe was een van bittere doodsworsteling. Doodsweet het op die bleek voorhoof gepêrel en die swaar geroggel was tot in die voorportaal van die hospitaal hoorbaar. Buite was die nag stikdonker en die wind het stormagtig gewaai. Dit was of die elemente ook ontroerd geraak het oor die worstelstryd daar binne. Die boomtakke het heen en weer geswiep asof hulle die weg wou baan vir die uitvaart van 'n moeë sterfling.

Om 11.20 vm het die ooglede van die reeds geslote oë vir 'n laaste maal getrek, groot sweetdruppels het van sy voorhoof afgerol en toe 'n sug . . . Die stryd was volstry. Die arms en hande wat eenmaal die Mauser met vasberadenheid hanteer het, die vinger wat die sneller vir Volk en Vaderland getrek het, het nou rustig en in stille oorgawe gelê; die helder stem wat eenmaal sy manne aangespoor het in die hitte van die stryd, is nou stil in die koue swye van die dood.

Behalwe gesmoorde snikke was daar 'n eerbiedige stilte om die bed; 'n aangrypende oomblik toe 'n liewe vader en 'n Volksheld heengegaan het. Dit is die oomblik wanneer gedagtes angstig teruggaan oor die afgelegde lewe. Wat kon ek nog gedoen het? Wat het ek versuim om te doen? Wat wou ek nog alles gevra het? Maar dis vir ewig verby. Slaap maar voort, liewe vader. Rus in die skoot van 'n nuutgevonde Republiek waarvoor u eenmaal alles feil gehad het.

## DR. H.J. ORFORD

Dr Herbert John Orford is gebore in 1878 te Market Bosworth, Leicestershire in Engeland. Hy was die vierde seun van dr F.J. Orford, van Ipswich. Sy opleiding het hy aan die Universiteit van Birmingham ontvang en nadat hy as geneesheer gekwalifiseer het, het hy teen die einde van die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) na Suid-Afrika gekom. Hy was verbonde aan die Nr 3 Algemene Hospitaal te Kroonstad waar hy uitstekende mediese diens gelewer het aan gewondes, Engelse soldate sowel as Boerekrygers.

Ná beëindiging van die oorlog in 1902 het hy vir 'n kort rukkie na Engeland gegaan om in 1903 terug te keer en hom permanent in Suid-Afrika te vestig. Hy tree in vennootskap met drs Jupp en Allan te Klerksdorp.

In 1907 tree hy in die huwelik met mej Grace Leask van Klerksdorp en uit die huwelik is 2 seuns en 2 dogters gebore. In 1912 koop hy 'n plaas in die distrik Klerksdorp en gee dit die naam Bosworth. Hier lê hy hom toe op 'n Sussex-stoetery.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog (1914–1918) het hy as militêre dokter diens gedoen in Oos-Afrika en is die Britse OBE aan hom toegeken vir voortreflike diens. Met die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) was hy eers te Zonderwater gestasioneer. In November 1939

het generaal Smuts drs A.J. Orenstein (voorsitter), J.H. Orford en F. Bester aangestel om ondersoek in te stel na die daarstelling van 'n doeltreffende geneeskundige organisasie in Oos-Afrika. Hul bevinding was dat die mediese toerusting, voorraad en personeel wat op dié tydstip in die Unie beskikbaar was, onvoldoende is vir so 'n organisasie. Die kommissie se verslag is in sy geheel deur die owerheid aanvaar. Dr Orford het ook vir 'n kort rukkie waargeneem as Direkteur van Mediese Dienste by die Suid-Afrikaanse basis, Helwan, in Egipte.

Op 25 Junie 1943, in die ouderdom van 65 jaar, is hy eervol ontslaan omdat hy die uittree-ouderdom bereik het. Vir sy lojale en onbaatsugtige diens is met sy uittrede die rang van brigadier aan hom toegeken.

Ná sy dood op 5 April 1955 is die stoetboerdery voortgesit deur sy seun Jack, en tans word dit behartig deur sy kleinseun Niel, 'n veearts. Laasgenoemde twee persone, vader en seun, woon albei op die familieplaas Bosworth.